Kortpad na advertensies

- Algemene nuusbrokkies
- Gemeenskapsadvertensies
- Kleinadvertensies (Persoonlik)
- Kleinadvertensies (Besigheid)
- Geestelike Pitkos
- Werksgeleenthede
- Afrikaanse kerkdienste
- Landswye dagboek
- Riglyne vir adverteerders
- Kanselleer intekening / Unsubscribe

24 September 2018

Redakteursbrief

Ek het die volgende brief ontvang. Lees gerus my persoonlike rubriek 'Op my voorstoep' vir meer hieroor.

Ons wil langs hierdie weg tot siens sê aan al ons kennisse en vriende in Nieu- Seeland vir wie ons nie persoonlik kon groet nie. Na 18 jaar het ons besluit om Nieu-Seeland se natuurskoon te verruil vir Queensland se warmer klimaat.

Ons het ons verblyf in Nieu-Seeland terdeë geniet en die land van hoek tot kant deurreis: van Cape Reinga tot Bluff. Ons neem ook baie en mooi herinneringe met ons mee, want ons was by baie aktiwiteite van die vroeë Afrikaanse gemeenskap betrokke. Dit was ons voorreg om 'n daadwerklike bydrae te kon lewer tydens die beginjare van die Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland, die destydse Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland en Brokkies.

Mense vra vir my of ek nou die Wallabies gaan ondersteun wanneer ons in Australië woon en ek verklaar onomwonde dat ek steeds die beste rugbyspan in die wêreld sal ondersteun. Baie dankie aan 'n ieder en 'n elk wat ons pad hier in Nieu-Seeland gekruis en ons verblyf opgehelder het. Ons sal julle altyd dankbaar bly.

Hartlike groete
Thys en Gertjie Oosthuizen

Philip Langenhoven
Redakteur *(Skryf gerus aan my by www.brokkies.net/kontak)*

Ysbreker: Aktiewe passiwiteit

Die dokter vra vir die pensioenarisse: "Neem julle nog aan sport deel?"

"Nee", antwoord die een, "ons ouers laat dit nie toe nie."

"Jul ouers?" vra die dokter.

"Ja. Moeder Natuur en Vader Tyd".

Ons groet langtand twee staatmakers in ons gemeenskap

Thys en Gertjie Oosthuizen het diep spore in Nieu-Seeland getrap

Saam met die skok was daar vir my ‘n oomblik van helderheid toe Thys Oosthuizen van Orewa my bel om te sê hy en sy vrou, Gertjie het besluit om Nieu-Seeland vir Australië te verruil. Die helderheid was die skielike besef dat ons almal maar net tydelik doen wat ons doen, en is waar ons is. Dit is waarom mense spore agterlaat. Sommiges is net dieper as ander.

Die Oosthuizens se spore sal vir lank nog duidelik in Nieu-Seeland se lieflike landskap sigbaar wees. Hulle was nog altyd trots Afrikaans maar het spoedig ook trotse, passievolle Kiwi’s geword wat pragtig aangepas het. Hulle het oor die jare ook hierdie mooi land deurkruis en die prag ingedrink.

Hulle het trots geword op die All Blacks en die land se ander uitmuntende prestasies en simbole, en ek onthou nog ons lekker geredekawel oor rugby; in persoon of in ‘n groep. Een ding is seker: Thys het nog altyd geweet hoe om ‘n mens se rugbyknoppies te druk!

Ek sal hul ongelooflike bydrae tot die vroeëre Afrikaanse kerke en kultuur onthou. Vir jare lank het hulle hul hande spreekwoordelik afgewerk vir ons immigrant-gemeenskap.

Gertjie en Thys Oosthuizen word nou Aussies!

Thys en Gertjie het in November 2000 in Nieu-Seeland aangekom. Almal wat hullle ken, weet dat tannie Gertjie die steunpilaar was wat Thys se hand gesterk het in sy taak vir ons gemeenskap. Die man het die steun en inspirasie nodig gehad, want hy was nou by die bestuur van die oorspronklike Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland (nou die North Shore-gemeente) betrokke as hul tesourier. Daarna het ‘n klompie jare gevolg as tesourier/voorsitter van die Finansiële komitee van die latere Auckland-gemeente van die kerk. Mense het gou sy talent en ervaring raakgesien en is hy ook by Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland se bestuurskomitee betrek as administrateur en later uitvoerende beampte.

En hoe dan anders: hy was vir 35 jaar lank in plaaslike owerhede werksaam. Hy was vir 22 jaar die hoof uitvoerende beampte (stadsklerk) van verskeie dorpe en stede in Suid-Afrika en het in 1994 afgetree as die Stadsklerk van Roodepoort aan die Wesrand. Daardie kennis en ondervinding het hom agtervolg en hy het dit ten bate van ons gemeenskap aangewend.

Toe ek in Oktober 2009, na baie jare se redakteurskap van die vroeë Brokkies-nuusbrief die tuig neerlê, was ek dankbaar dat Thys bereid was om die leisels op te neem en ‘n soomlose oorskakeling het gevolg. Ons het oor die jare baie goed saamgewerk en dikwels saam gefilosofeer oor die lewe. Ek het vroeg al geleer dat jy jou storie moet ken met logiese argumente, anders kom jy nie ver nie. Ek het ons gesprekke baie geniet en ongelooflik baie by hom as my senior geleer. Ek is seker Thys het homself nou en dan ingehou as hy nie met van my soms wilde idees saamgestem het nie, maar ek wil erkenning bied dat hy my in daardie oomblikke verdra het en nie as vriend en kollega laat vaar het nie.

Al was ek jammer om te hoor van hul weggaan, was ek ook dankbaar dat hierdie wonderlike mense nog gesond en energiek genoeg is om so ‘n groot stap aan te durf. Ek is maar net een van talle wat die gemis sal voel, veral as ek onthou wat hulle alles vir ons gemeenskap beteken het.

Hulle het kinders in Nieu-Seeland en Australië: ‘n seun en ‘n dogter, met hul gesinne wat vier kleinkinders insluit. Hulle is nou vir ‘n verandering naby die klompie in Aussieland, maar ek is seker hulle sal nie toelaat dat die waterstrook tussen Nieu-Seeland en die groot eilandjie aan ons westekant hulle afskrik nie; hulle sal seker baie kom kuier.

Ek wens vir Thys en vir tannie Gertjie (sy ‘Valetjie’ – soos Thys haar soms noem) alles wat mooi is toe vir die nuwe hoofstuk wat hulle gaan skryf in die land van die Wallaby en ander vreemde diere. Ek weet Thys sal altyd vir die All Blacks skree, maar ek is seker hy sal ‘n nuwe affiniteit vir die span in goud ontwikkel. Hulle het die ondersteuning nodig!

Stemreg vir vroue in Nieu-Seeland – die 125ste onthou

Dit is vanjaar die 125ste herdenking van die toekenning van stemreg aan vroue in Nieu-Seeland. Toe die Goewerneur, Lord Glasgow, 'Electoral Act 1893' op 19 September 1893 onderteken, het hierdie klein land – ook 'n leier op vele ander terreine - die eerste selfregerende land ter wêreld geword waarin alle vroue stemreg in parlementêre verkiesings het.

Die meeste ander demokrasieë – spesifiek Brittanje en die VSA – het eers na die Eerste Wêreldoorlog aan vroue stemreg gegee. Stemreg vir vroue het vinnig 'n sentrale rol gespeel om Nieu-Seeland se beeld te vestig as pioniers en 'n progressiewe 'sosiale laboratorium' van die Suidsee. Nieu-Seeland het die naaste 'volgelingland' met nege jaar geklop. Dit was Australië, wat in 1902 dieselfde gedoen het. So, ons klop hulle nie net op die rugbyveld nie!

Finland, Denemarke, Noorweë en Ysland het oor die volgende 13 jaar ook aan vroue stemreg gegee.

Hoewel die stryd om vrouestemreg gevestig te kry sedert die 18de eeu gewoed het, is dit verbasend dat sekere lande so lank geneem het om 'by te kom' – en, soos ons weet, is daar sekere lande wat dit steeds nie toelaat nie.

Die 'Women's Christian Temperance Union' in Nieu-Seeland ('n vroue-organisasie wat hulle vir die algehele onthouding van alkohol en tabak beywer het) het 'n aktiewe rol gespeel om die stemregbeweging te ondersteun. Hulle het betrokke geraak toe hulle besef dat die vrou in die gesin invloedryk is en "moraliteit" tot "demokratiese politiek" kan bydra.

Het jy geweet?

Dit is nie algemeen bekend nie dat Nieu-Seeland selfs meer progressief as dit was. Vanaf so vroeg as 1867 is vroue wat in Otago en Nelson eiendom besit en erfbelasting betaal het (meestal weduwees en oujongnooiens) toegelaat om in plaaslike regeringsverkiesings te stem. Hierdie reg is in 1876 na ander provinsies uitgebrei.

Links: Monument in Christchurch. Regs: Vroue stem vir die eerste keer in Nieu-Seeland.

DNA-kartering besorg mense onwelkome verrassings



Sommige DNA-kenners is van mening dat die huidige DNA-kartering (‘mapping’) manie daartoe lei dat party mense veel meer te wete kom as wat hulle gehoop het om in die uitslae te verneem.

In April 2003 het wetenskaplikes aangekondig dat hulle die ‘Human Genome Project’ voltooi het. Dit was ‘n internasionale, miljard-dollar poging om ‘n lys te voltooi van al die letters waaruit die ‘gemiddelde mens’ se genetiese kode bestaan. Anders gestel: ‘n Genetiese bloudruk waarmee ‘n mens teoreties ‘gebou’ sal kan word.

Danksy genetiese toetse wat regstreeks tot die publiek se beskikking gestel word, kan ‘n mens jou DNA deesdae laat analiseer vir so min as $100.

Dit verras nie dat sowat 1 uit 25 volwasse Amerikaners deesdae toegang het tot hul persoonlike genetiese data, volgens MIT Technology Review. Die genealogie-maatskappy Ancestry.com is die grootste deelnemer op hierdie terrein. Hulle beweer dat hulle 7 miljoen DNA-monsters in hul databasis het. Die maatskappy wat die naaste aan hulle kom, is 23andMe, wat meer as 3 miljoen monsters het.

Dit is so maklik…tot op ‘n punt

Die toets vereis minder as ‘n kwart-teelepel se spoeg, waarmee lig gewerp kan word op ‘n persoon se herkoms en – met toestemming van diegene betrokke – waarmee genetiese familielede gesoek kan word. Dit is waar dinge ‘n bietjie moeilik kan word. Blykbaar gebeur dit gereeld dat iemand op hierdie manier onverwags uitvind dat hul ouer nie hul ouer is nie. Dit veroorsaak natuurlik ‘n skokreaksie by mense.

‘n DNA-kenner het gewaarsku dat hoewel DNA-kartering ‘n redelik nuwe tendens is, moet mense verstaan dat dit ‘n kragtige werktuig is en aan ‘n mens antwoorde kan gee wat jy nie noodwendig verwag nie. Die maatskappye betrokke kan ook gesondheidsverslae verskaf en ‘n persoon skandeer vir dosyne oorerflike siektes.

Sommige kenners is bekommerd oor die etiese risiko’s wat met die beskikbaarmaking van sulke komplekse inligting in ‘n oorvereenvoudigde formaat gepaard gaan.

Ene dr Katherine Neas van ‘Genetic Health Service’ sê dat daar te min data oor genetika beskikbaar is, en veels te min mense wat dit kan verstaan en hanteer. Sy glo die publiek is nie goed voorbereid om genetiese toetsresultate te hanteer nie en dat daar ook nie baie dokters is wat voldoende kennis daarvan het nie.

"Verskillende maatskappye doen verskillende soorte analise, maar waarvoor hulle gewoonlik soek, is klein genetiese variasies van die normale volgorde soos ons dit tans verstaan,” sê sy.

"Maar, dit is uiters komplekse inligting en die wyse waarop dit aan die kliënt verskaf word, laat hulle nie besef dat dit baie kompleks is nie. Dit gebeur dikwels dat iemand die inligting lees en dan baie bekommerd raak oor hul risiko’s om ‘n sekere gesondheidsprobleem te kry, terwyl wetenskaplike inligting nie noodwendig hul graad van bekommernis ondersteun nie.”

Maar, eerder as om mense te adviseer om liewer die toetse te vermy, verkies sy die roete van beter inligtinggewing oor die wêreld van genetika sodat mense die tegnologie veilig kan gebruik.

Staanlessenaars hou die sleutel vir laer vetsugtigheid

Vir dekades lank is dit die gebruik by kantoorwerkers om hul werk sittende by ‘n lessenaar te doen. Die Sydney Morning Herald het berig dat kantoorwerkers nou aangemoedig word om te staan en werk.

Staanlessenaars, wat soms as ‘n gesondheidsfoefie gesien word, mag die sleutel inhou vir ‘n bekostigbare wyse om vetsugtigheid by mense aan te spreek.

Indien een uit vyf kantoorwerkers die tyd wat hulle agter hul lessenaars vasgekluister is, benut om te staan terwyl hulle werk en geskeduleerde stappies te onderneem, kan hulle groot voordele verwag. Hul kanse om vetsugtig te word verminder, en hul lewensverwagting word met vier dae per jaar per individu verleng. Dit is wat bevind is in ‘n studie wat deur Deakin University in Australië gedoen is.

Die studie is gebaseer op ‘n program wat met staatsamptenare in Victoria gedoen is. Hulle het ook beraam dat hierdie vooordele binne bereik is en slegs $185.2 miljoen se toerusting en bestuursvernuf benodig.

Nege maande na afloop van die studie is gevind dat die werkers wat staantoonbanke en opleiding ontvang het, vir ‘n gemiddeld van vyf ure per dag gesit het - ‘n uur korter as diegene wat aan hul stoele vasgekluister was. Die ‘lewensbesparings’ vir Australië is bereken op ‘n potensiële instelling van die program aan 20 persent van alle kantoorwerkers.

Daar word ook bereken dat so veel as $84.2 miljoen aan gesondheidskostes bespaar kan word as gevolg van die vermindering van vetsugverwante siektetoestande.

Oppas maar as jy ‘n professionele diens aanbied!

Hier’s ‘n storie wat in die Sydney Morning Herald verskyn het, en wat aandui dat ‘n mens maar versigtig moet wees wanneer jy professionele dienste aan mense verkoop - veral as dit ‘n prokureur is met wie die transaksie skeefloop!

In hierdie geval het ‘n prokureur van Australië ‘n firma – 1300 Resume - gedagvaar nadat sy hul aanlyndiens aanvaar en hulle vir haar ‘n aansoekbrief vir ‘n bepaalde werkgeleentheid moes formuleer.

Die werksoeker, Susan Cole, het aan die resumé-firma $600 betaal om vir haar die werkaansoek te skryf. Dit was ter ondersteuning van haar aansoek vir ‘n pos by ‘n staatsdepartement.

Die firma het egter die staatsdepartement se naam verkeerd gespel en boonop gefouteer deur iemand anders se naam in te sluit in die plek van die aansoeker s’n – so die aansoek is in die verkeerde naam ingedien. In die proses het Cole nie die werk gekry nie.

Cole het ‘n klagte van 136 bladsye teen 1300 Resume by die ‘Victorian Civil and Administrative Tribunal’ ingedien nadat sy haar “droomwerk” verloor het weens die “talle foute” in haar CV. Sy het die firma – wat in aansoeke vir staatsdiensposte spesialiser – se diens gebruik nadat haar vorige posaansoeke onsuksesvol was. Sy het gedink die firma se “goue-vlak aansoekpakket” sal die ding doen, maar het nie rekening gehou met die foute wat sou insluip en teen haar sou tel nie.

Hoewel in haar guns beslis is, is dit nie bekend wat die skadevergoeding is wat aan haar toegeken is nie.

Rubriek: ‘En daar was lig’ – Deur **Philip Langenhoven**

Wat van hulle wat nooit gehoor het nie?

Hierdie rubriek bied inligting wat nie algemeen bekend is nie: argumente en getuienis dat die Bybel op sigwaarde geneem en vertrou kan word as werklike geskiedenis wat deur sowat 40 skrywers oor 1,600 jaar in ‘n ongelooflike eenheid saamgevat is.

Lita Cosner skryf dat redding deur genade deur geloof in Jesus Christuc die ‘goeie nuus’ is wat Christene ten taak gestel is om oor die hele wêreld te versprei. Die belangrikste boodskap wat ‘n mens kan hoor, is dat enigiemand wat in die Seun van God glo, vergewe kan word vir hul sondes en ‘n ewigheid in die teenwoordigheid van hul Skepper kan deurbring. Soms wonder sommige mense egter wat gaan gebeur met mense wat nooit die Evangelieboodskap hoor nie.

God is ten volle ‘goed’ – en so ook Sy Evangelie

Ons kan nie die Evangelie afsonderlik van sy Outeur oorweeg nie. God is perfek ‘goed’. Hy is die standaard waarvolgens enigiets anders se ‘goedheid’ gedefinieer moet word. Sy perfekte standaarde kom van Sy geaardheid. Hy is perfek regverdig, wat beteken dat niemand God kan beskuldig dat Hy onregverdig is wanneer hy/sy voor Hom verskyn nie. Hy is ook perfek genadig, wat beteken dat Hy onverdiende genade rojaal uitdeel aan hulle wat hul vertroue in Hom plaas.

So, wanneer ons hierdie saak oorweeg, moet ons verstaan dat ons die plan van die perfekte, goeie Skepper van die mensdom oorweeg. Terwyl daar ‘n paar moeilike vrae is om te oorweeg, is dit futiel om te dink dat ons met iets beter vorendag sou kon kom. Veral wanneer ons onthou wat Jesus moes doen om sondaars wat in Hom glo, te red, sou dit absurd wees om te dink dat daar ‘n beter manier was, of dat iemand gered sou kon word sonder Jesus (Joh 3.18, 14: 6).

God se goedheid is ook waaroor ons moet dink in die geval van babas of selfs ongebore kinders wat sterf, of mense met kognitiewe gebreke het wat veroorsaak dat hulle nie die Evangelie kan verstaan nie. Soos Abraham, sê ons, “U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?”

Ons almal begin as skuldiges

Wanneer ons oor hierdie vraag nadink, moet ons daarteen waak om nie die onbereiktes in ‘n tipe ‘neutrale’ geestelike kategorie te plaas nie. Alle mense stam af van Adam en begin hul lewe in ‘n posisie van rebellie teenoor God. Ons kan dit sien omdat Paulus sê God se Wet is op ons harte (ons gewete) geskryf – maar ons lewe nie eens getrou aan ons gevalle gewete nie. Ons doen steeds wat ons weet verkeerd is, en daarom verdien ons om veroordeel te word omdat ons selfs ons eie gewete se reëls oortree (soos in Romeine 2:14-16 beskryf) ‘n Verdere punt is dat die getuienis van die skepping so duidelik is dat ons geen verskoning het wanneer ons die Skepper ontken nie (Romeine 1:18-32)

God was nie moreel verplig om iemand te red nie

Die engele wat gesondig het, is almal veroordeel. Hulle is nie ‘n verdere kans gebied om gered te word nie, en daar is geen aanduiding dat enige van hulle dit wil hê nie. Dat God besluit het om iets anders met Adam se afstammeling te doen, dui op die grootheid van Sy genade. Wanneer ons dink aan die voorland van hulle wat nog nie die kans gehad het om die Evangelie te hoor nie, moet ons oppas dat ons nie die fout maak en dink dat God enigiemand (of almal) ‘n kans op redding skuld nie – hoewel ons terselfdertyd ook nie die grootheid van Sy genade verstaan nie.

Jesus het gesterf om sondaars te red

God die Seun, die Tweede Persoon van die Drie-eenheid, het ‘n menslike vorm aangeneem en vrywilliglik die onafhanklike gebruik van Sy goddelike eienskappe ter syde gestel vir die tydperk van Sy bediening op aarde. Hy het ‘n perfekte, sondelose lewe gevoer; dus het Jesus ‘n regverdigheid wat ten bate van hulle is wat in Hom glo (2 Kor 5:21). In volkome gehoorsaamheid aan God, het Hy die doodstraf aanvaar vir ons sondes (Jes 53:6, 10), wat beteken dat wanneer ons in Hom glo, ons vergewe kan word. Ons skuld is gekanselleer en aan die kruis gespyker (Kol 2:14).

Geen ander manier nie

Indien ons onthou wat Jesus moes doen om sondaars wat glo te red, hoe kan ons ‘n ander manier om gered te word probeer fabriseer? (Kyk Joh 3:18, 14:6). Indien daar mense oor is wat nog nie die Evangelieboodskap gehoor het nie, moet ons gelowiges daarvoor verantwoordelikheid aanvaar. Dit is ons taak om die Woord te versprei (Rom 10:14–17).

Oom Herrie se Kerrie – Deur **Herman Toerien**

Jannetjie se kreef

Jannetjie se glimlag dié oggend was spontaan en groot. In sy hand piekel hy seker die grootste kreef wat hy nog gesien het. Dié het hy vroegoggend met ’n yslike poks uit ’n rotspoel gehaal.

Vroeër dae was Jannetjie ’n voorste poacher en soos ’n vis in die water. Tot daai noodlotsdag toe ’n fratsgolf hom teen die rotse vasgeslaan het net mooi toe hy uit die see geklim het. Sy linkerbeen sou nooit weer regkom nie. Van toe af moes hy maar aas wat hy met die hand of ’n net uit rotspoele kon kry.

Jannetjie wikkel so vinnig as wat sy mank been hom toelaat in die rigting van sy huisie teen die randjie van Herrie se Baai. Maar dié oggend slaan die noodlot toe, in die vorm van ’n polisieman wat vroegoggend gaan kyk het of hy nie perlemoensmokkelaars in die hande kan kry nie.

“Ai oom Jannetjie, lat ek oom vanoggend met ’n kreef moet vang! Nogal ’n grote, baai the way.”

Jannetjie dink so vinnig hy kan, maar kan met geen wettige verduideliking vorendag kom nie. Dis toe dat hy ten einde raad die ou grappie probeer, en hoop dat John, die polisieman, dit nog nooit gehoor het nie.

“Nei man, dis nie ’n wille kreef die nie. Dis Pietertjie, die kreef wat ek al van hy net ’n duim groot was grootgemaak het.”

Sowaar het die polisieman daai storie nog nooit gehoor nie, maar dit beteken nie hy glo vir Jannetjie nie. “Nou moet jy bewys daai kreef is mak.”

“Sien, ek bring elke oggend vir Pietertjie see toe en dan laat ek hom swem. Dan roep ek hom weer en ons gaan huis toe.”

“Nou lat ek sien,” seg John.

Met ’n swaar hart laat los Jannetjie die kreef in die vlak water. “Pietertjie” laat nie op hom wag nie, en sit af dieper see in.

“Nou toe, roep vir Pietertjie,” sê John ongeduldig.

“Pietertjie?” vra Janneman kamma verbaas. “Ek ken nie ’n Pietertjie nie.”

Kopskuddend stap John weg, maar toe hy omkyk wil hy tog lag kry. Jannetjie het sy broek opgerol, en kloof deur die branders. Kort-kort roep hy smekend: “Pietertjie!”

Pietertjie bly nie baie intelligent te wees nie. Hy laat hom die tweede keer die oggend vang, maar die tweede keer is daar genoeg weerwraak ingebou ... hy kry Jannetjie aan die groottoon beet, en dis sommer pure bloed.

John maak of hy niks sien nie, en verkas. En Pietertjie het lekker gesmaak al het die groottoon so pynlik geklop.

Die storie het iewers aan die Weskus afgespeel, waar daar natuurlik ook nie ’n Herrie se Baai is nie. Trouens, vandag is daar nie meer ’n Herrie se Baai nie, maar daar was een. Dis die ou naam van Hawston, naby Hermanus, wat op sy beurt eers Hermanuspietersfontein geheet het. En dis regtig perlemoenwêreld.

Seniorshoekie – Deur Riana da Silva

Alkoholgebruik

Waarom drink ouer persone soms oormatig?

Alkoholgebruik neem oor die algemeen af namate ‘n mens ouer word. Ouer persone kan egter die gevaar loop om probleemdrinkers te word omdat misbruik (of uiteindelike afhanklikheid) dikwels veroorsaak word deur ingrypende ervarings soos die verlies van 'n geliefde, eensaamheid, aftrede, slapeloosheid, siekte of pyn.

Die effek van alkohol op ouer persone en medikasie

Soos ons ouer word, raak ons liggame meer sensitief vir die uitwerking van alkohol op ons. Die liggaam breek later nie meer die alkohol so goed af nie en dit affekteer die brein vinniger - so ‘n mens word dus gouer dronk. Sommige medisyne reageer negatief met alkohol en is dus minder effektief, of newe-effekte word vererger. Daarom maak dit sin dat ouer mense alkohol liefs moet vermy, of die gebruik daarvan beperk. Alkoholgebruik tussen mans en vroue verskil ook. Wanneer hulle ouer word, is mans geneig om meer te drink as vroue.

Mans – Hulle is meer geneig om daagliks (of 'n paar keer per week) te drink, met geleentheid te veel te drink of om meer gereeld oormatig te drink. Mans loop 'n hoër risiko om alkoholverwante siektes te ervaar en het ook meer sterftes met alkoholverwante oorsake.

Vrouens - Hulle vertoon hoër bloed-alkoholvlakke nadat hulle dieselfde hoeveelheid as mans gedrink het, en raak dus vinniger onder die invloed. Hulle kan die toksiese, dodelike gevolge van alkoholvergiftiging teen 'n laer dosis ontwikkel. Dit is omdat die gemiddelde vrou:

- kleiner is as die gemiddelde man en dus minder vloeistof in hul liggame het om alkohol te versprei (met 'n hoër vet- tot waterverhouding);
- minder van die ensiem bevat wat benodig word om alkohol in die lewer af te breek.

Die gevare van dronkenskap

Dronkenskap verhoog die risiko om te val of beseer te word. Ouer persone wat alkohol gebruik en bestuur, het ook 'n veel hoër kans om verkeersongelukke te veroorsaak as nugter mense. Dit is nooit te laat om drankgewoontes te verander nie.

Handige inligting vir ouer persone

1) *Health Promotion Agency* het ‘n boekie, *Alcohol and older people (What you need to know),* publiseer vir ouer persone, hulle families, vriende en versorgers. Die boekie is beskikbaar op aanvraag van die *Health Promotion Agency* of kan in PDF-formaat afgelaai word .
2) Hier is goeie inligting oor alkoholgebruik en ons gesondheid. Soos ons ouer word, is daar dinge waarvan ons bewus moet wees in verband met alkoholgebruik en ons gesondheid.
3) Hierdie inligting is baie belangrik vir ouer persone oor alkohol en medikasie.
4) Lees hier oor hoe alkoholgebruik gesondheidsprobleme kan veroorsaak of huidige siektes kan vererger.
5) Matigheid is goed vir ouer mense, maar hoeveel alkohol is te veel?
6) Hier is ‘n paar idees oor hoe om minder te drink en waar om hulp te kry.
7) Familie en vriende kan help – lees gerus hierdie wenke.

Sit die swaar mandjie neer

Wat begin het as ‘n welkome uitkoms vir hulle, het ontaard in ‘n nagmerrie wat net nie wou ophou nie. Aan die einde van die eerste boek van die Bybel kry ons Josef se familie in Egipte waar hulle die heenkome gevind het wat hul broodnodig gehad het.

Kom ons by die tweede boek van die Bybel, dan kry ons die nageslag van daardie vroeë setlaars in Egipte jare later vasgevang in onmenslike slawe-arbeid.

Dis hulle werk om bakstene te maak vir al Egipte se indrukwekkende bouprojekte. Die werk is swaar; die omstandighede ondraaglik. Die bakstene moes in mandjies rondgedra word, en hulle skouers is seer van die las. Hulle doen wat mens moet doen wanneer dinge vir jou té veel raak. Hulle roep uit tot God om hulp. En God antwoord terug:

“Die las op jou skouer het Ek afgehaal; jou hande kon die mandjie los. In die nood het jy geroep en Ek het gered.” (Psalm 81:7-8 NLV)

Die boodskap wat die Israeliete moes hoor, is dat Gód vir hulle sê, “Sit die mandjie neer! Ek het die las van jou skouer afgehaal!” Die dae van swaar laste is verby vir hulle. Dis nie nodig dat hulle langer die mandjies ronddra nie. Dis tyd om uit Egipte te trek; om die toekoms in te trek wat God vir hulle beskik het.

As God dit vir Sy volk van ouds kon doen, hoekom nie ook vir ons nie!

Ek weet nie wat die mandjie laste in jou lewe is waarmee jy tot dusver saamgelewe het nie. Teleurstelling. Verbittering. Mislukking. Vernedering. Werkloosheid. Egskeiding. Verslawing... Miskien voel jy niks werk uit vir jou nie. Alles is téén jou. Hoor dat God ook vir jou sê, “Kry klaar met die laste!”

God verklaar dat Hy self die las van hul skouers afgehaal het. Vir Hom is dit ‘n voldonge feit. Dis klaar afgehandel in God se hart. Dis nou tyd vir húlle om die mandjies te los en God se beloftes toe te eien en uit Egipte te trek.

Asaf weet nie eens van Jesus Christus en wat Hy aan die kruis gedoen het nie. Dáár is die grootste mandjie – ons sondelas - van ons afgeneem.

Die leë graf waarborg vir elkeen ‘n wonderlike toekoms. Op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het, kan ons vry kom van die sondelas en daardie toekoms instap wat God vir ons beplan het.

Francois Bredenkamp
Leraar, Taranaki Christengemeenskap, New Plymouth
Selnommer: 021 1473674 E-pos: soveelmeer@gmail.com

Uit Facebook se binneblaaie

'n Paar interessante items wat in Brokkies se Afrikaans in Nieu-Seeland geselsgroep op Facebook verskyn;

'n Lid het onthou hoe haar kêrel in Sub A vir haar Kool Aid skool toe gebring en dan het sy met haar vinger skelmpies lek-lek daarvan geproe vanuit haar potloodsakkie.	Hierdie plasing van 'n lid spreek boekdele…of is dit paragrawe of lettergrepe?	Hierdie klompie bruikbare woorde en frases in die Māori-taal is tydens Māori Taalweek (Te Wiki o Te Reo Māori) geplaas. Talle groeplede is besig om die taal aan te leer.

Reeks: Plekname in Kiwiland (Deel 20)

Weet jy wat die dorp/voorstad naby jou se Māori-naam beteken?

(Uittreksels uit 'Māori Place Names', saamgestel deur AW Reed – Vierde uitgawe; 1996 herdruk)

Noord-Eiland

Anaura– **Rooi grot -** (Ou vorm: Anakura) Ana: grot; Kura: rooi

Hauhangroa – **Windskulpe** – Hau: wind; Hangaroa: seeskulpe

Herekino – **Sleg geknoopte knoop** – Here: knoop; Kino: sleg

Makarau – Om in 'n vangnet te vang – Maka: om te gooi; Rau: om in 'n net te vang

Anaura Bay

Suid-Eiland

Awapūtakitaki – **Rivier van die paradyseend** – Awa: rivier; Pūtakitaki: paradyseend

Kaikōrai – **Om 'n seevoël te eet -** (Korrek: Kaikārae) Kai: om te eet; Kārae: seevoël

Makarore – **Om 'n voël in 'n wip te vang** – Maka: deel van 'n wip; Rore: om te vang

Ōamuru – **Plek waar vleis gedroog is** – Vlees van verslane vyande is hierheen geneem

Makarore

Interessante feit:

Pelorus Jack was 'n beroemde dolfyn wat in die 1900s skepe deur die gevaarlike, rotsagtige waters van 'French Pass' – 'n kanaal by die D'Urville-eilande naby Nieu-Seeland - begelei het. Daar het glo honderde skepe gesink, maar nooit as mnr Jack een begelei het nie.

Vertel ons van mense se prestasies of belangstellings

Ken jy ‘n mede-immigrant vanuit SA of Namibië wat ‘n prestasie behaal het of ‘n interessante werk, sport, belangstelling of stokperdjie het? Of dalk het hulle iets baie interessant beleef. Onthou, Brokkies soek altyd sulke stories om gereeld sy Afrikaanse lekker met almal te deel.

Jy kan help deur stories self te skryf; ek sal dit redigeer indien nodig. Of, jy kan net die agtergrond deurgee met die persoon se kontakinligting sodat ek dit met hulle kan opneem. Kyk by www.brokkies.net hoe dit werk by 'Bydraes'.

Gee jy jou Brokkies aan vir iemand?

Hier’s ‘n spesiale versoek aan alle intekenaars...

Talle lesers stuur hul kopie van die e-pos wat Brokkies se jongste uitgawe bekend stel, aan familie en vriende elders. Dankie dat julle hierdie proesel Kiwi-Afrikaans so versprei. Help my egter om ‘n beter gevoel te kry vir die werklike aantal lesers wat Brokkies het.

Daar is derduisende gesinne ingeteken. Daar is egter talle ander, selfs buite Nieu-Seeland, wat dit onregstreeks ontvang. Hiermee ‘n versoek dat jy liewer hierdie skakel aan hulle stuur sodat hulle self kan inskryf.

Kom gesels saam op Facebook in Afrikaans

Het jy al op Facebook die groep ‘Afrikaans in Nieu-Seeland/New Zealand’ raakgeloop? Indien nie, maak gerus daar ‘n draai en gesels lekker met ander lede. *Vertel jou Aussie-vriende ook van die ‘Afrikaans in Australië’-groep*.

Besoek ‘Afrikaans in Nieu-Seeland’ op Facebook

Volg ons op Facebook

Die Brokkies-webwerf bied alles wat jy nodig het

Of jy wil inteken op Kiwi-Brokkies of op Aus-Brokkies, vir die redakteur wil skryf, stories wil aanbied,‘n advertensie wil bestel of hernu, of jou adres wil verander - alles word nou deur die Brokkies-webwerf gedoen. Alle uitgawes van Brokkies word op die webwerf gehuisves vir mense wat iets soek wat in ‘n vorige uitgawe verskyn het.

Besoek Brokkies se Facebook-bladsy

Volg ons op Facebook

Brokkies het nou sy eie Facebook-bladsy. Die adres is https://www.facebook.com/Brokkies.Net Help ons asseblief deur die nuwe webwerf se skakel (brokkies.net) aan vriende en familie te stuur. **Onthou om te ‘like’ as jy ‘like’!**

Kommunikeer so met Kiwi-Brokkies

Vir Advertensie-riglyne, om 'n brief of ander bydrae in te stuur, om iemand in te teken of jou adres te verander, besoek www.brokkies.net. Die webwerf bevat skakels waardeur al bogenoemde funksies verrig kan word.
Om op te hou om Kiwi-Brokkies te ontvang, besoek http://www.brokkies.net/skryf-in en versoek verwydering van jou e-posadres.

Aanspreeklikheid en Regte (Lees Gebruiksvoorwaardes en Privaatheidsbeleid by www.brokkies.net - heel onder aan tuisblad)

- *Die redakteur van Brokkies aanvaar nie aanspreeklikheid vir die korrektheid, wettigheid of algemeen aanvaarbaarheid van enige nuus-of algemene item nie. Dieselfde geld ook vir enige geplaasde advertensie of advertensie-artikel se inhoud of die belofte van ‘n produk of diens se gehalte wat in advertensies vermeld word. Enige probleme met advertensies se inhoud, dienslewering of produkgehalte moet regstreeks met die adverteerder opgeneem word, en die redakteur raak nie by daardie proses betrokke nie.*
- *Die redakteur behou die reg voor om enige voorgelegde bydrae (nuus of advertensie) van die hand te wys en nie te publiseer nie, sonder verstrekking van redes. Dit sluit in die reg om te enige tyd korrespondensie oor diesulke situasies eensydig te beëindig.*

Gemeenskapsadvertensies

Terug na bo...

Beplan jy emigrasie? Wonder jy wat dit kos om in Nieu-Seeland te woon?

As deel van mense se voorbereiding om te emigreer, vra hulle gereeld vrae rondom die tipiese lewenskostes in Nieu-Seeland. Mense help graag op sosiale media, maar die prentjie is nooit volledig nie want dit is ‘n moeilike vraag om te beantwoord. Hierdie bladsy op New Zealand Immigration se webwerf bied ‘n berekenaar wat mag help.

‘n Webwerf met die naam Numbeo, is “die wêreld se grootste databasis van gebruiker-voorsiende data oor stede en lande wêreldwyd”. Numbeo verskaf glo bygewerkte, vars inligting oor lewensomstandighede soos lewenskoste, behuisingsindikators, gesondheidsorg, verkeer, misdaad en besoedeling oor honderde lande.

Die ‘Treaty of Waitangi’ is nou in Afrikaans beskikbaar!

Het jy geweet dat Nieu-Seeland se belangrike gronddokument, die Treaty of Waitangi (die Verdrag van Waitangi) nou ook in Afrikaans beskikbaar is? Drie Afrikaanse immigrante, Alta Rall (Auckland), Dina Cloete (Auckland) en Philip Langenhoven (Wellington) het saamgewerk om die Verdrag te vertaal as deel van die New Zealand Society of Translators and Interpreters (NZSTI) se ‘Treaty Times Thirty’ projek wat van 2016 tot 2017 geduur het. Die doel van die projek was om die Verdrag in 30 tale wat deur immigrante in Nieu-Seeland gepraat word, te vertaal.

- Die Treaty Times Thirty boek kan in PDF-formaat hier afgelaai word. Daarin verskyn beide die Engelse- en Māori-weergawes, asook die 30 vertalings, waarvan Afrikaans eerste verskyn weens die alfabetiese rangskikking.
- Hier is ‘n bietjie inligting oor die Afrikaanse vertalers.
- Lees die reeks van 3 artikels in **Kiwi-Brokkies** uitgawes van 27 Februarie 2017, 8 Maart 2017 en 21 Maart 2017

‘Lekker Stuff’ - Afrikaanse Radio in Nieu-Seeland

Lekker Stuff saai elke Maandag 8nm uit op die Waikato se 89.0 Free FM. Dit kan reg oor die wêreld geluister word op www.freefm.org.nz. Kuier saam met Karisma vir die nuutste Afrikaanse musiek, geselsies met Suid-Afrikaners wat in Nieu-Seeland woon, bekendes, die Showmax-program van die week, en vele meer! As jy dalk ‘n program misgeloop het, kan jy na die podcast luister op die Apple Podcasts "app" of op Lekker Stuff se Facebookblad www.facebook.com/lekkerstuffnz.
Skryf gerus vir Karisma by lekkerstuffnz@gmail.com

Kiwi-skool bied aanlyn klasse in basiese Afrikaans vir kinders in NZ

Die VLN Primary School bied Afrikaanse internetklasse vir kinders aan. Klasse behels 15 weeklikse sessies, waartydens leerlinge en onderwysers mekaar in ‘n internet-konferensiekamer ontmoet. Leerlinge ontvang dan ‘n les wat 30 minute duur, en hulle oefen deur die week aan tuiswerk. Die klas word hanteer deur mevrou Annatjie Fourie, die skoolhoof van Ohura Valley Primary School.
Om jou belangstelling te registreer, skryf asseblief in Engels aan Ginette Van Praag by ginette.vp@vln.school.nz
Vir meer inligting, skryf gerus ook aan Rachel Roberts by rachel.roberts@vln.school.nz. Besoek ook die skool se webwerf.

Ondersteun Afrikaanse radio buite NZ: ‘Afrikaans Sonder Grense’ in Australië

Afrikaans Sonder Grense (ASG) is 'n 2 uur lange Afrikaanse musiek radioprogram wat weekliks lewendig uitgesaai word uit Bundaberg, Queensland in Australie. **Wanneer** : Elke Donderdag 6-8 nm (Queensland-tyd) **Waar:** Via Internet by www.coralcoastradio.net.au en op radio in en om Bundaberg op 94.7 Fm. **Facebook** by **Afrikaans Sonder Grense met** Skryf vir Rochelle by **rochelle.radio@yahoo.com.au**

Govt.nz webwerf vir al jou inligtingsbehoeftes

Die Nieu-Seelandse regering se inligtingswebwerf genaamd Govt.nz vat verskeie staatsdepartemente se inligting vir die publiek saam in een webwerf. Hoewel jy 'n soektog deur die soekfunksie kan doen, word die volgende temas aangebied waaronder jy kan soek:

- Immigrasie en burgerskap
- Geboortes, sterfgevalle, huwelike
- Verbruikersregte
- Gesondheid
- Behuising en eiendom
- Geld, voordele en belasting
- Werk en die werkplek
- Paspoorte, reis en toerisme
- Geskiedenis, kultuur en erfenis
- Internet, media en kommuni-kasie
- Die reg en misdaad
